Naam

**AFDELING B: TAAL IN KONTEKS**

**VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande teks gebaseer.



*vrien-din (ne;-etjie): vroulike vriend; vriend van vroulike geslag; nooi; 'n vriend uit jou jeug. Vriende kan jy kies, maar nie jou familie/famielie nie. Jy moet ten alle tye op jou vriend kan vertrou.*

5.1 Verander die woord *vertrou* na 'n PERSOONSNAAM.

Jy moet ten alle tye 'n (vertrou) vir jou vriende wees.

________________________________________ (1)

5.2 Identifiseer en korrigeer die SPELFOUTE in die onderstaande sin. Skryf die sin oor met die korrekte spelling van die woorde.

Jou famielie sal jou help met jou proiriteite, as jy tyd met hulle spandeer.

________________________________________ (2)

5.3 Gee die VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Somtyds voel jy asof daar (watertenke) agter jou oë is. (1)

5.4 Identifiseer die ONDERWERP en die GESEGDE in die volgende sin deur 'n (**X**) in die korrekte blokkie te skryf. *Vriende moet jou beskerm.*

| Onderwerp | Gesegde | Antwoord |
|---|---|---|
| Vriende moet | jou beskerm | |
| Vriende | moet beskerm | |

(1)

LIVEWORKSHEETS

5.5 Identifiseer die onderstreepte NAAMWOORDE uit die opsies in die onderstaande woordblok.

| Eienaam | Soortnaam | Abstrakte naamwoord | Versamelnaam |
|---|---|---|---|

5.5.1 Jou vriend kan iemand wees vir wie jy baie vriendskap kan bewys.

________________________________________ (1)

5.5.2 Een van my penmaats woon in die verre Afrika.

________________________________________ (1)

5.6 Onderstreep die BYWOORD in die onderstaande sin.

My vriende praat saggies met my as hulle bel. (1)

5.7 Watter TWEE woorde kan gebruik word in plaas van die onderstreepte woord.

Jy's 'n wonderlike vriend vir my.

__________ __________ (1)

5.8 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Die dogter het sulke wonderlike, hardwerkende (vriendin).

______________________________ (1)

**[10]**

LIVEWORKSHEETS